LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

26-02-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 7 VIR 2018

Die Klipkerk bied besonderse geleenthede aan met sprekers wat opbouend is vir ons kinders en ouers in ons gemeenskap.

- **Prof. Stephan Joubert – bied Week van gebed by Klipkerk aan vanaf 26-28 Februarie elke aand om 19:00.**
- ***Dr Johan Smith – bied 'n Ouer/Kindverhoudingskursus/gesprek*** aan op Maandag, 19 Mrt om 18:30 en Maandag, 26 Mrt om 18:30… beide aande is belangrik en ons nooi ouers en kinders beide uit na die gesprek.

1 **BL VERKIESING:**

- Ons BL verkiesing vind vanjaar plaas op ***DONDERDAG, 1 MAART 2018 om 18:00 in die saal.***
- ***Ouers wat die verkiesing gaan ondersteun, gaan 'n kaartjie kry en hulle kinders mag die volgende dag, Vrydag, 2 Maart reeds om 11:30 verdaag.***
- Dit is 'n baie belangrike verkiesing en ons versoek elke ouer om die datum te dagboek.
- Ons benodig 'n kworum van 15 % ouers teenwoordig om die verkiesing wettig af te handel.
- **'n Beheerliggaam speel 'n baie groot rol in ons toekoms en die voortbestaan van Laer Volkskool met Afrikaans as onderrigtaal.**
- Ons het die afgelope paar termyne skitterende Beheerliggame gehad, wat die skool na nuwe hoogtes geneem het met hul betrokkenheid en visie.
- *PROGRAM VIR 1 MAART 2018:*
  - *17:30 -18:20 Registrasie - Onthou ID boekies of bewys van ID*
  - *18:00 Opening en Verwelkoming*
    Ouers kry geleentheid vir nog nominasies
  - *18:30 Bepaling van Kworum*
    Indien kworum teenwoordig is, bekendmaking van kandidate
  - *Regmaak van stembriewe*
  - *18:45 Verkiesing vind plaas*

- Bekendstelling van nuwe BL lede

- Vooraf nominasies het reeds begin op 21 tot 27 Februarie en vorms is beskikbaar by Gerna in die kantoor. Die nominasiekassie is ook by Gerna in die kantoor.
- ***Die kieserslys is beskikbaar, by Gerna in die kantoor, vir ouers om u data te kom verifiëer vir die BL verkiesing tot 27 Februarie om 08:00. Indien daar enige veranderinge is, moet u asb. weer 'n registrasievorm voltooi (ons moet bewyse indien). Slegs 2 ouers per leerder mag stem.***
- ***U moet asb. ook u ID BOEKIES OF PASPOORT saambring om te stem.***
- ***Kyk asb. op die D6 "School Communicator" (onder Algemeen) en op die webblad (onder Interessante leesstof) vir meer inligting oor die BL verkiesing en die belangrikheid daarvan.***

2 **FORMELE ASSESSERING:**

- Leerders begin met formele assessering. Grondslag- en Intersenfase doen daagliks 'n assesseringsaktiwiteit. Leerders moet asseblief elke dag teenwoordig wees. As hul afwesig is, moet daar 'n doktersbrief ingehandig word. Indien u kind tuisbly sonder 'n doktersbrief of ander geldige verskoning kan hy/sy 0 kry vir die aktiwiteit wat op daardie dag afgehandel is.
- Die leerders se werkboeke gaan huistoe in die week. Kyk deur u kind se boeke en teken asb. daarby.

3 **FONDSINSAMELING:**

Laer Volkskool se Beheerliggaam het 'n groot fondsinsameling vir Kwartaal 1 en 2. Daar word 'n 2018 VW Vivo 1.4 Conseptline uitgeloot saam met Hoër Volkskool tennisspan en NTT Volkswagen. Trekking van pryse word met die Wildsfees, 2 Junie gedoen. Die karretjie is die 1ste prys. Die kind wat die meeste boekies/kaartjies verkoop kry R1 000; die gesin wat die meeste verkoop, wen gratis skoolgeld vir 2 kinders en die klas wat wen kry 'n uitstappie. Om die leerders aan te moedig, is daar pryse wat deurlopend uitgedeel gaan word: Vir elke R300 wat inbetaal word - mag hulle die volgende dag, gewone klere aantrek; Vir elke R500 wat inbetaal word - kry die kind 'n snoepie bewys; en so herhaal dit.
Elke leerder het reeds 'n genommerde boekie met 10 kaartjies in ter waarde van R1 000 ontvang. U as ouer bly verantwoordelik daarvoor. Indien u boekie verlore raak, gaan u skoolfonds rekening daarmee gehef word.
'n Volgende boekie word slegs uitgereik indien die vorige een se geld ten volle vereffen is.
Sluitingsdatum: Dinsdag, 15 Mei 2018

4 **ATLETIEK: GAUTENG KAMPIOENSKAPPE**

Baie geluk en sterkte aan ons 8 atlete wat aan die Gauteng Kampioenskappe gaan deelneem op Vrydag, 2 Maart en Saterdag, 3 Maart.

5 **LANDLOOP OEFENING:**

Landlope atlete kan al begin oefen! Tye is Maandae tot Donderdae vanaf 16:00 tot 17:00 op Hoër Volkskool se bane by Tannie Elmien. Oefening is gratis, so kom en ontdek jou talent. Vir enige navrae kan ouers haar kontak by 0796637358.

6 **STUDIEMETODES KLASSE:**

Die studiemetodes klas vir die Graad 4 leerders vind plaas op Woensdag, 28 Febr vanaf 16:00 - 17:00 in Klas 22 (ou personeelkamer). Onthou jou flikkerpenne (highlighters); Eksamenblok & gekleurde penne. Studie materiaal word voorsien.

7 **SWEM**:

- Sterkte aan die swemspan wat Woensdag, 28 Februarie deelneem aan die laaste swemgala.
- Ons Interlaer gala is op 7 Maart om 18:00 by Boksburg-Noord swembad.
- Belangrike swemoefening op Dinsdag, 14:00 - 15:00 en Donderdae 15:00 - 16:00 by Hoër Volkskool.
- Verpligte swemoefening op Vrydag vir almal wat deelneem aan Interlaer gala. Ons gaan ook geesvang en waatlemoen eet.

8 **NETBAL 2018:**

Reëlings en oefening vir 2018:

26 Februarie	Netbal oefening begin vanaf 0/10-0/13

Wedstryde vir 2018:

8 Maart	Weg @ Christiaan Beyers - 0/10 tot 1ste span
12 Maart	Tuis @ Delmas - 0/9 tot 1ste span
22 Maart	Tuis @ Selectionpark - 0/10 tot 1ste span
28 Maart - 4 April	1ste span toer

Oefentye en afrigters:

SPAN	TYD/DAG	AFRIGTERS/VELD
0/10 A en B	Maandae, Dinsdae en Donderdae 14:15 - 15:15	Madeleine Marlize
Soms kan onderwysers vra om tot 17:00 te oefen, maar sal vooraf reël		
0/11 A en B	Maandae, Dinsdae en Donderdae 15:30 - 16:30	Gerna Marinélle
0/12 A en B	Maandae, Dinsdae en Donderdae 15:30 - 16:30	Monica Amanda
1ste & 2de	Maandae, Dinsdae en Donderdae 15:30 - 17:00	Louda Nikky

MINI-NETBAL:

Mini-netbal oefening begin op 26 Februarie, slegs vir 0/7 - 0/9 dogters. 0/6 dogters begin eers bietjie later oefen.

Oefentye en afrigters:

SPAN	**TYD/DAG**	**AFRIGTERS**
0/6	13:15 - 14:00 Maandae, Dinsdae en Donderdae	Juf Le-Lanie de Beer
0/7	13:15 - 14:00 Maandae, Dinsdae en Donderdae	Juf Marica en Juf Lola
0/8	13:15 - 14:00 Maandae, Dinsdae en Donderdae	Juf Alta en Juf Hendi
0/9	14:15 - 15:00 Maandae, Dinsdae en Donderdae	Juf Deo-Dané en Juf Danéll

9 **KOOR**:

- Juniorkoor oefen Maandae vanaf 14:00 - 14:45.
- Seniorkoor oefen Woensdae vanaf 14:00 tot 15:45.
- Hou ook asb. Vrydag, 16 Maart oop vir oefening vanaf 14:00 - 20:00. Verdere inligting sal

deurgegee word.

10 **RUGBY**:

- Die bulletjie rugby se afrigters en tye sal met die Pa en Seunbraai op Dinsdag, 27 Februarie 2018 bevestig word en dan aan u as ouers deurgegee word.
- Die rugby-oefening tye is as volg:
  Op Maandae en Woensdae oefen 0/8 vanaf 17:00 - 18:00.
  Op Maandae , Dinsdae en Donderdae oefen die onderstaande groepe:
  - 0/9 - 14:00 - 15:00
  - 0/10 - 14:45 - 15:45
  - 0/11 - 15:30 - 16:30
  - 2de span groep: 16:15 - 17:15
  - 1ste span: 17:00 - 18:00
- Onthou Saterdag, 3 Maart is ons Pa en Seundag by Loftus. 'n Finale brief rakende Saterdag, sal aan die seuns uitgedeel word in die week.
- ***Vriendskaplike rugbywedstryde en ligadatums:***

8 Maart	Rugby en Netbaldag @ Christiaan Beyers - Weg	0/9 tot 0/13
12 Maart	Rugby en Netbaldag @ Delmas - Tuis	0/9 tot 0/13
17 Maart	Rugbydag @ Fonteine - Weg	0/8 tot 0/13
22 Maart	Rugby en Netbaldag @ Selectionpark - Tuis	0/9 tot 0/13

11 SKAAK:

- Baie geluk aan al die Volkies wat Saterdag aan die D7 kampioenskappe deelgeneem het. Julle het briljant gedoen en ons is baie trots op julle!
- Beginners oefen elke Woensdag vanaf 15:00 - 15:45, in Juf. Ronelle Terblanche se klas.
- Juniors en Seniors (leerders wat reeds kan skaak speel) oefen ook Woensdae vanaf 16:00 - 17:00, in Juf. Ronelle Terblanche se klas.
- ***Datums van belang:***
  * 17 Maart - Finale
  * 26 Mei - Gauteng Individuele toernooi
  * 21 April - Liga
  * 27 -28 Julie - Finale
- Belangstellende spelers is welkom om by die Heidelberg Skaakklub aan te sluit. Hulle tye is Vrydae vanaf 18:00 tot 20:00 te Hoër Volkskool. Vir verdere navrae kontak vir Sonika Coetzee - 0849525843.
- ***Klub-datums van belang: (datums is onderhewig aan veranderinge)***
  * 23 Maart; 20 April; 25 Mei; 22 Junie; 20 Julie; 24 Augustus; 28 September; 26 Oktober; 23 November

12 **EISTEDDFOD**:

Neem asb kennis dat die Heidelberg Eisteddfod hierdie jaar vanaf 14-26 Mei plaasvind. Sluitingsdatum is middel April. Alle verdere inligting sal in die Omsendbriewe geplaas word sodra dit ontvang is.

13 **SPREEKKOOR**:

Ons begin Maandag, 26 Februarie 2018 in Juf Monica se klas oefen vanaf 13:00 - 13:30. Almal moet asb. daar wees. Dogters wat netbal gaan speel en in die spreekkoor is, kan vanaf 13:30 aansluit by die span. Geen spreekkoor-kind sal benadeel word as sy nie op 'n Maandag gaan netbal oefen nie.

14 **AKADEMIESE SPAN VIR 1STE KWARTAAL 2018:**

Baie geluk aan die onderstaande leerders wat vir die 4de kwartaal 2017 'n gemiddelde van 85 % en meer gehad het.

GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
Jayden Barnard	Kay-Lee Baird	Michael De Beer
Ruben Basson	Dian Bezuidenhout	Petrie Everson
Amoné Billing	Chrismarié Briel	Abby Goodes
Inge Boshoff	Cloé Brink	Liané Grundling
Tanya Boshoff	Philip Damon	Telana Harmse
Anika Coetzee	Madeleine du Plessis	Kaylee Harvey
Caillou Cronje	Janika Everson	Jordan Harvey
Anru Eloff	Nandelé Faure	Daniël Jordaan
Lauriska Els	Benno Fourie	Steph Labuschagne
Bianca Erasmus	Géorg Fritz	JP Lee
Faraaz Gani	Damien Goslin	Matthew Luës
Marike J.v. Rensburg	Gerrit Henken	Joshua Malki
Anke Kotzé	Brand Huisamen	Ruben Oosthuizen
Anika Kritzinger	Janel Jordaan	Dené Pieterse
Yolandi Kührt	Christiaan Jordaan	Francois Potgieter
Lerize Liebenberg	Elmien Labuschagne	Suaté Pretorius
Rico Lombard	Ju-Viné Marx	Matthew Senekal
Hannah Neumeyer	Carter Meyer	André Sprong
Karla Rossouw	Elri Mulder	Hanré Strydom
Danielle Scharfeneker	Sambeaulynne Olivier	Jessica Swarts
Zandré Smook	Schalk Potgieter	Marli van Tonder
Huib Sprong	Roxanne Roos	
Karin Venter	Wiepke Schoeman	
Ewald Venter	Reinhardt Steenekamp	
Ruben Venter	Tiané Steyn	
Giselle Vermeulen	Meyer Theron	
Wilhelm Verwoerd	Vittoné Theron	
Marco Zdara	Telisa van Heerden	
	Marcus Venter	
	Ruwan Venter	
	Jessica Wehmeyer	
	Matthew Wentzel	
	Mickhe Willemse	

15 **BERGFIETS**:

Ons gaan weer bergfiets ry vanaf 26 Feb. Oefening sal elke Maandag plaasvind by die parkie in Jordaanpark (hv 3de laan en Unie str) vanaf 15:30-16:15. Kontak Wikus vir meer inligting by 082 780 0117.

16 **VAKANSIE-NASKOOLSENTRUM:**

Die Naskoolsentrum sal gedurende die Maart vakansie oop wees. Vir enige navrae kontak vir Juf Baulha Booysen 0741658891.

Reëlings is as volg: Daar sal water, koeldrank, skyfies en springmielies verskaf word.

Tye: 07:00 tot 17:30 van Maandag tot Vrydag.

Plek: Laer Volkskool in Juf Baulha se Graad R klas

Wie: Graad RR tot Graad 4

Koste: R60 per kind per dag en betaalbaar by Juf Baulha.

Datum: 29 Maart 2018 tot 9 April 2018 - nie openbare vakansiedae nie

Volkiegroete

P. STRYDOM: HOOF